

Laerskool Kenridge Prospektus



Missie

Ons missie is om deur **opvoedende onderwys** die leerders te **lei** om op intellektuele, kulturele en fisieke gebied hul maksimum **potensiaal** te ontwikkel.

Doelstellings van die Skool

1. Deur die blootstelling aan moderne tegnologie, lewensvaardighede, innoverende en progressiewe leermetodes, sowel as konsekwente dissipline, wil ons die leerders voorberei om die uitdagings wat 'n veranderende toekoms inhou, met vertroue tegemoet te gaan.
2. Ons gee erkenning aan die interafhanklikheid van die skool en die gemeenskap asook aan die handhawing van gemeenskaplike morele waardes en standaarde in samewerking met 'n openhartige verhouding tussen opvoeders, leerders en ouers.
3. Ons skool wil 'n gevoel van trots by die personeel, leerders en ouers skep, deur ons toekomstige ontwikkeling te grondves op die tradisies van die verlede.

Geskiedkundige Oorsig van die Skool

In 1955 is die eerste skool in Kenridge in die "Olde Barn" in 'n ou koeistal op die oorspronklike plaas geopen. Mev. Patricia Mashford was die eerste skoolhoof en sy en haar assistent, mev. H. Kierswetter het 25 leerders onderrig.

Op 20 September 1956, word die nuwe gebou wat deur mnr. Störzner gebou is, amptelik deur ds. Klopper van die Parow Skoolraad geopen.

In Januarie 1957 word mnr. F. Swiegelaar van Philadelphia aangestel as skoolhoof. Die skool staan as 'n Voorbereidingskool bekend. In 1961 word Primêre status verkry.

In Desember 1963 voltooi die eerste Standerd 5-klas hul laerskoolloopbaan. Gedurende die volgende jaar word die westelike vleuel met 4 nuwe klaskamers en 'n kleedkamer vir die Senior Primêr gebou.

In 1971 word die grootste gedeelte van die oorspronklike gebou gesloop en 'n dubbelverdieping gebou word opgerig. Mnr. Swiegelaar bedank om gesondheidsredes en mnr. L. Hoorn, die vise-hoof neem as skoolhoof waar.

In 1972 word mnr. G.F. van Wyk as skoolhoof aangestel. Die getal inskrywings was toe 346 en teen 1974 het die leerlingtal byna verdubbel tot 648.

Barretts bou vier tennisbane in 1977 en in 1978 het Clifford & Harris 'n sportveld onderkant die houtwerkklas aangelê.

Afgesien van die feit dat daar nog twee laerskole in die area geopen het, het die leerlingtal stabiel gebly en in 1980 was die getal inskrywings ± 800 .

In 1989 tree mnr. Van Wyk, na 17 jaar as skoolhoof by Kenridge, uit die diens van die skool en in 1990 word mnr. M. Lötter in sy plek aangestel. Die tydperk word gekenmerk deur grootskaalse groei en ontwikkeling waaronder die volgende uitstaan: die aanstelling en besoldiging van addisionele leerkragte deur die Beheerliggaam en Xhosa word aan leerders bekend gestel. Verouderde B.B.C. rekenaars word deur nuwe IBM-versoenbare rekenaars vervang. 'n Nuwe speelveld word langs die skoolgrond ontwikkel, 'n ontvangslokaal word in die voorportaal gebou en die opslaanklaskamers word opgegradeer. Hokkie vir seuns word ingestel en die "Green Team"-herwinningsklub het die lig gesien.

Die Trust het in 1992 'n Pre-Primêre skool met drie klaskamers begin. Mev. D Riley is as Skoolhoof aangestel. 'n Vierde klaskamer is in 1996 bygevoeg.

In 1998 het die verhoogde aanvraag na voorskoolse onderrig gelei tot die totstandkoming van 'n pre-Graad R klas (Fledglings). In 1999 het dit tot twee klasse uitgebrei.

In 1993 het mnr. M. Lötter weens gesondheidsredes die onderwys verlaat en mnr. G. V. Albrecht het in 1994 die leisels oorgeneem. Gedurende hierdie jaar word die indrukwekkende Gerrit van Wyk-sentrum en vier addisionele klaskamers gebou. Die getal ingeskrewe leerders was $\pm 1\ 000$. Planne vir 'n swembad word in die jaar gefinaliseer en op 27 Maart 1995 word 'n langverwagte droom 'n werklikheid toe die Keith O' Kennedy-swembad amptelik geopen word.

Gedurende 1996 word nog addisionele klaskamers aan beide kante van die saal gebou en in 1997 word nog 'n vleuel op die bestaande mini-tennisbane gebou. Hierdie vleuel bestaan uit vyf klaskamers, 'n kunsklas en kleedkamers. Die Graad 3-klasse word tans in die lokale gehuisves. Die opslaanklasse is opgegradeer en word as nasorgsentrum gebruik. Die rekenaar-lokaal is ook opgegradeer en beskik oor veertig rekenaars wat gedurende April 1997 in gebruik geneem is. Drie addisionele musiekkamers is ook aangebou.

Aan die einde van 1998 is vier nuwe klaskamers bo-op die huidige Graad 1-klaskamers opgerig. Hier is die Gr. 2's gehuisves. Die skool het nou die kapasiteit om ses klasse per graad te akkommodeer. Twee nuwe veeldoelige lokale is ook opgerig. Een sal gebruik word vir koöperatiewe leer in die oggend en vir ballet in die middag. Die ander een sal dien as 'n verrykingsentrum vir leerders en opvoeders.

Aan die begin van die tweede kwartaal in 1999 is 'n tweede rekenaarlokaal in gebruik geneem. Hier ontvang al ons grondslagfase leerders rekenaaronderrig. Vanaf 2002 is daar 'n vyfde Pre-Primêre klas.

Gedurende 2001 is die nuwe motorhuis opgerig. Die ou motorhuis is omgeskakel na 'n skoolwinkel. Dit was die eindresultaat van 8 jaar se werk deur mev. Linda Carstens om 'n ten volle toegeruste skoolwinkel daar te stel.

Gedurende 2002 was daar baie onderhandelinge met die "Girl Guides Association" in verband met hul munisipale huurkontrak en gebou. Gedurende Oktober 2002 is daar begin om 2 nuwe pre-primêre klaskamers, 'n klein saal en toilette te bou.

In Januarie 2003 is 'n sesde Graad R-klas in werking gestel. Die Fledglings het ook in 2003 met 'n derde klas begin, wat ons totale inskrywings van voorskoolse leerders op 217 gebring het.

Die aanvraag vir Nasorg fasiliteite, het gedurende die afgelope paar jaar toegeneem en vanaf 2003 maak die Nasorg ook gebruik van die Graad R-kampus. Baie moeite word deur die personeel gedoen om 'n rustige, warm atmosfeer vir die kinders, wat lang ure by die skool deurbring, te skep.

Kenridge het ook gedurende 2003 begin met 'n opleidingsprogram vir twee studente om as opvoeders by ons skool opgelei te word. Mev. A. Barrett is ook aangestel as 'n voltydse Menslike Hulpbronbestuurder.

Gedurende 2004 het ons 4 nuwe klaskamers aan die grondslagfase vleuel aangebou.

Laerskool Kenridge herdenk sy 50ste bestaansjaar in 2005. Twee nuwe klaskamers en toiletfasiliteite word aangebou en sedert Januarie 2006 gebruik,

Gedurende 2007 het ons skool die Koos Eksteenpark bekom en dit in 'n nuwe sportveld omskep. Die Voortrekkersaal is opgeknop en word deur ons skool vir verskillende aktiwiteite gebruik. In 2008 is nuwe klaskamers vir Graad R en die skoolwinkel in gebruik geneem. Verdere geboue vir Graad R is in 2009 voltooi.

In 2009 en 2010 word die nuwe uitbreidings (Senior Kunsklas, sekuriteitsfasiliteite, veeldoelige sentrum en onderdak loopareas) in gebruik geneem om in ons skool se groeiende behoeftes te voorsien.

Aan die begin van 2011 is die nuwe Grondslagfase Rekenaarkamer tot stand gebring. Twee-en-dertig werkstasies maak dit moontlik dat 'n hele klas, vir 'n langer tydperk, rekenaarlesse kan bywoon.

Mnr. Albrecht het aan die einde van 2010 as skoolhoof uitgetree en mev. Smith is vanaf Januarie 2011, as die nuwe skoolhoof aangestel.

In Februarie 2010 is die Pre-primêre skool as 'n Onafhanklike skool geregistreer.


Laerskool Kenridge beskou die MADD Kunsfees (Musiek, Kuns, Dans en Drama) as 'n hoogtepunt van hul 60ste verjaardag tydens 2015.

Gedurende 2015, is die saal opgeknop, en die LSEN- en Musiekdepartement is geopen.

Tans word 'n nuwe ASC-gebou. 'n Vol astroturf asook 'n mini astroturf word op die Löttervelde gelê.

**Wat ookal die toekoms mag inhou:
Laerskool Kenridge sal altyd 'n leier op
die gebied van opvoedende onderwys bly.**

ELKE KIND ELKE KANS ELKE DAG



Voedergebiede van die Skool

Woonbuurte binne die skool se voedergebied:

Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof en Oude Westhof. As u binne ons voedergebied woon, is u aansoek onmiddellik van krag. Ons vereis egter 'n munisipalerekening om u woonadres te bevestig.

Woonbuurte buite die skool se voedergebied:

Sou u buite ons voedergebied woon, sal u aansoek op 'n waglys geplaas word. Toelating is onderhewig aan plek in die onderskeie klasse.

Skooltye

Graad 1	Maandag - Donderdag	07:43 - 12:45
Graad 2	Maandag - Donderdag	07:43 - 13:00
Graad 3 - Graad 7	Maandag - Donderdag	07:43 - 14:10
Graad 1 - Graad 3	Vrydag	07:43 - 12:45
Graad 4 - Graad 7	Vrydag	07:43 - 13:20

Briewe

Afskeurstrokies op briewe, moet asseblief ingevul en die volgende dag skool toe gestuur word.

School Communicator

School Communicator is 'n innoverende en opwindende manier om met ouers te kommunikeer. Die School Communicator hou jou ingelig oor wat by die skool gebeur. Dit word outomaties opgedateer en gee jou al die jongste nuus en kalender-inligting oor geleenthede wat voorlê. Dit bevat ook 'n fotogalery, 'n kontaklys en 'n hele klompie nuttige skakels en dokumente. School Communicator kan van die webwerf afgelaai word:

www.school-communicator.com/downloads.

Die School Communicator werk saam met Windows XP, Vista en Windows 7, asook Mac OS 10.5 en 10.6.

Webwerf

www.kenridgeprimary.co.za

Sosiale Media

Laerskool Kenridge verskyn op



Teleskool

Teleskool is 'n telekommunikasiesistelsel. Teleskool word daaglik om 12:30 bygehou om u op hoogte van sake te hou, rakende sportwedstryde. Om toegang tot die inligting te verkry, kan u 021 976 3046 uitbr. 7 skakel.

Onderrig

'n Baie hoë akademiese standaard word deurgaans gehandhaaf en die skool beskik oor toegewyde, goed gekwalifiseerde opvoeders.

Die skool beskik oor die dienste van remediërende opvoeders.

Ons het ook die dienste van spraak- en arbeidsterapeute asook 'n sielkundige by die skool.

Didaktiese hulpverlening word deur 'n didaktiese hulpspan gedoen vir leerders met taal-en wiskunde probleme.

Die biblioteek bestaan uit verskillende afdelings: 'n mediasentrum, 'n verrykingslokaal en 'n koöperatiewe leer-lokaal. Dit vorm 'n integrerende deel van die daaglikse aktiwiteite by die skool. 'n Voltydse bibliotekaresse bied media-voorligting in ons goed toegeruste biblioteek aan.

L.O. word vanaf Graad R - 7 deur gekwalifiseerde opvoeders onderrig.

Leerders van Graad R - 7 maak gebruik van ons Rekenaarlokale. Die lokale is voldoende toegerus sodat elke leerder in 'n klas toegang tot 'n rekenaar het. Twee voltydse rekenaaropvoeders tree as fasiliteerders in hierdie lokale op. Die leerders kry die geleentheid voor en na skool, en tydens hul pouses om aan take te werk en om navorsing te doen.

Tablette word as 'n bykomende bron in die klaskamers gebruik.

Xhosa maak deel uit van ons kurrikulum en 3 Xhosa leerkragte vervul die taak. Leerders van Graad R - 7 kry weekliks blootstelling aan die taal.

Opvoedkundige uitstappies word op 'n gereelde basis onderneem. Alle leerders vanaf Graad 4 tot Graad 7 neem deel aan 'n buitelugopvoedingsprogram (kamp).

Leerders is bevoorreg om kuns by 2 opgeleide kunsopvoeders te neem, in spesiaal ingerigte kunslokale.

Leierskapontwikkeling

Kenridge is uiters trots op die verskeidenheid leierskapprogramme waaraan ons leerders blootgestel word.

Positiewe erkenning word vir elke leerder in die intermediêre fase gegee. Die leerders word aangemoedig om vir 'n toekenning te werk. Wanneer die leerder 'n sekere getal toekennings ontvang, word hulle gedurende die saalbyeenkomste geluk gewens.

Alle Graad 6-leerders neem deel aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite wat verantwoordelikhedsin en diensbaarheid aanmoedig. Hierdie program help die opvoeders om leerders met leierskappotensiaal te identifiseer.

Die skoolprefekte is 'n groep leerders wat help met administratiewe- en organisatoriese take by die skool. Hulle werk in portfoliogroepe wat interaksie tussen leerders bewerkstellig en uitreik na die gemeenskap daar buite.

Graad 6-leerders kan as biblioteekprefekte of L.O. monitors gekies word. Hierdie leerders lewer 'n onskatbare diens met betrekking tot die organisasie in die biblioteek en die organisasie van L.O. apparaat.

Die skolierpatroolie bestaan uit Graad 7-leerders.

Kapteins van Interhuis-spanne dien as skakel tussen opvoeders en leerders en word gebruik om met die organisasie van Interhuis-kompetisies te help.

Tydens die Prestige-aande vir Graad 6- en Graad 7-leerders, word spesiale presteerders in die akademie, kultuur en sport, beloon.

Kultureel

Ons beskou kultuuraktiwiteite as 'n belangrike deel van ons leerders se opvoeding en almal word aangemoedig om deel te neem.

Musiekstudente word aangemoedig om vir die UNISA-eksamen vir beide prakties en teorie in te skryf. Ons leerders neem gereeld aan beide die Afrikaanse- en Engelse Eisteddfod deel in Sang, Kuns, Prosa, Klavier, Viool en Blokfluit en talle blink uit.

Ons strewre daarna om elke leerder gedurende sy / haar tydperk by ons skool, deel te maak van 'n verhoogaanbieding (konsert).

Spyskaartstelsel (Buitemuurse Aktiwiteite)

Gedurende 1995 het die ouers met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die spyskaart-konsep besluit.

Die doelstellings behels die volgende:

- Om 'n ekstra inkomste te genereer, deur die maksimale benutting van die skool se fasiliteite, met die oog op die aanstelling en vergoeding van addisionele opvoeders.

- Om groter leerderdeelname te bevorder en 'n betrokkenheid met betrekking tot buitemuurse aktiwiteite te ontwikkel.
- Die daarstelling van 'n groter verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite.
- Om die dienste van professionele afrigters te bekom.
- Ouers word van "Een Stop Diens" voorsien.
- Goeie interaksie met die gemeenskap.

Ons basiese fooi stel 'n leerder in staat om deel te neem aan een winter- en een somersport en ook een kulturele aktiwiteit sonder enige ekstra koste. (Sien voorbeeld Keuse- en Kostevorm). Daar word dan van ouers verwag om vir elke ander aktiwiteit waaraan hulle kind/ers deelneem, te betaal en 'n eenmalige administratiewe fooi is betaalbaar om aan enige Trust gedrewe aktiwiteite deel te neem. 'n Kennisgewing van een maand is nodig om veranderings aan die maandelikse rekeninge te maak.

Naskool Sentrum

Aansoekvorms vir hierdie fasiliteit, is verkrygbaar by die nasorg en op ons webwerf.

Ons voorsien nasorgfasiliteite vir werkende moeders. Nasorg word ook gedurende vakansies vir voltydse en deeltydse leerders voorsien. Vakansie tye 07:00 - 18:00

Naskool Sentrum Tye

Graad 1	12:50 - 18:00
Graad 2	12:55 - 18:00
Graad 3 - Graad 7	14:10 - 18:00
Vroegoggendsorg	06:30 - 07:30 (onderhewig aan aanvraag)

Spyskaart Aktiwiteite

Die dae en tye wanneer hierdie aktiwiteite aangebied word, word kwartaalliks aangedui op 'n sport- en kulturele program.

Kultureel (ingesluit in skoolfonds)

- **Aanvullende Biblioteek** is 'n uitbreiding van die dienste en fasiliteite in die biblioteek. Dit bestaan uit verrykingsoefeninge, kreatiewe denke, - vaardighede, toneelspel, kunsvaardighede, interaktiewe CD-Rom aktiwiteite, videos, ens. Ons kom na skool bymekaar vir pret, vermaak en leer.

- **Buitelugklub** is 'n omgewingsbewustegroep wat aktiwiteite aanbied waar die leerders kans kry om interessante plekke in die omgewing te besoek, voetslaanuitstappies mee te maak en deel te neem aan rommelpatrollies.
- **Kids Collage** bied 'n verskeidenheid kulturele aktiwiteite bv. musiek, drama, kuns en handwerk aan.
- **Scrabble** bied aan Graad 4 - 7 leerders 'n uitstekende geleentheid om hulle woordbou- en spelvaardighede te ontwikkel.
- **KATS** - Kenridge Amateur Theatrical Society (Amateur Drama)
- **Redenaarsklub** - Ons doelwitte sluit in: logiese beredenering en oortuiging, relevante kwessies en die bespreking daar rondom, asook die kuns van publieke toespraaklewing. (Graad 5 - 7)
- **Koor** - Junior- en Senior (aansluiting slegs na afloop van assessering)

Kultureel (addisionele koste)

- **Musiek** - Bied onderrig aan in Klavier, Viool, Tjello, Klawerbord / Sintetiseerder, Blokfluit, Musiek vir Kleintjies, Kitaar, "Drumkit" en Orkes. Kamerkonsertere, 'n simfoniekonsert en musiekaande word gedurende die jaar aangebied om musiekleerders geleentheid te gee om voor 'n gehoor op te tree.
- **Kunsklub** - Prentmaak, keramiek, driedimensionele handwerk deur middel van verskillende media word vir leerders van Kenridge sowel as leerders van ander skole aangebied. Die leerders het die geleentheid om 'n wye spektrum van kunsmedia te leer en te ervaar in ontspanne omgewing.
- **Kreatiewe Spraak & Drama**
- **Hip Hop**
- **Balle**
- **Moderne Dans**
- **Riverdance** (Ierse Dans)
- **Stem, Kommunikasie en Openbare Redevoering**

- **Pottebak Projekte**
- **Rekenaarkodering**

Sport (ingesluit in skoolfonds)

Ons het 'n uitgebreide sportprogram en 'n voltydse sport-koördineerder, reël oefentye, wedstryde en vriendskaplike wedstryde vir leerders wat aan skoolsport deelneem. Leerders word aangemoedig om aan ten minste een winter- en een somersport deel te neem.

Somer Sport aangebied:

- Atletiek
- Skool Sport Vaardighede
- Krieket & Mini-krieket
- Swem (Graad 2 - 7)
- Tennis & Mini-tennis

Winter Sport aangebied:

- Landloop
- Rugby & Mini-rugby
- Netbal & Mini-netbal
- Hokkie & Mini-hokkie

Sport (addisionele koste)

- Karate
- Professionele Krieket
- Professionele Tennis
- Gimnastiek
- Aksie Gholf
- Combat Jiu-Jitsu
- Fietsry (Graad 4 - 7)

Algemeen (addisionele koste)

Skaak - Leerders vanaf Graad 1 - 7 mag deelneem. Leerders word die basiese reëls van skaak aangeleer. Mini-toernooie word Vrydae gehou, terwyl gereelde inter-skool toernooie op Saterdag gehou word. Lesse word op 'n Woensdag deur 'n professionele afrigter aangebied.

Easy Stitch Kidz - Graad 1 - 2 en Graad 3 - 7 (1 uur per week)

Rekenaarkodering-klub - Graad 3- tot Graad 7-leerders.

Kodering help jong mense om kreatief en stelselmatig te dink, te redeneer en saam te werk - noodsaaklike lewensvaardighede in die 21ste eeu.

Die kodering taal is in Engels geskryf en kan dus slegs in Engels onderrig word. Die onderwysers help die Afrikaanse kinders om die verskillende koderingskonsepte te verstaan.

Experi-Maatjies - Graad 1 - 2

Snoepwinkel - Die snoepwinkel bied 'n maandelikse vooruitbestellingsdiens, wat ook op die Keuse- en Kostevorm ingevul kan word.

Snoepwinkel

Ons het 'n goed toegeruste snoepwinkel wat daaglik gedurende eerste en tweede pouses oop is. 'n Lys snoepwinkelitems en pryse word jaarliks uitgestuur. Ouers word aangemoedig om gedurende pouses in die snoepwinkel te help.

Skoolwinkel

Skoolwinkel Ure:

Maandag - Donderdag: 08:00 - 15:00

Vrydag: 08:00 - 13:30

Woensdagaande: 17:00 - 18:00


1^{ste} Saterdag van die maand: 08:00 - 09:00

☎ Hanneljie 021 976 3046 of 083 316 9573.

Verlore Goedere

Ons versoek dat alle persoonlike besittings en klere duidelik met die leerder se volle naam en van gemerk word (nie net voorletters nie). Alle gemerkte, persoonlike besittings en klere sal aan die leerder terugbesorg word. Enige ongemerkte persoonlike besittings en klere sal dadelik na die skoolwinkel gestuur word, waar dit verkoop sal word.

Skouldrag



Dit word van Kenridge leerders verwag om **gepas** aangetrek te wees en om altyd 'n **netjiese voorkoms** te handhaaf. **Slegs voorgeskrewe skooluniform** mag gedra word. Sport-en skooldrag mag nie saam gedra word nie. Alle leerders moet die regte sportdrag dra op dae wanneer hulle Liggaamlike Opvoeding het. Gedurende die winter moet die leerders, wanneer hulle Liggaamlike Opvoeding het, die volle skoolsweetpak skool toe dra.